| £297 | £300 | £303 | £330 | £290 |
54. 'n Pakkie buskaartjies is in volgorde genommer. Die eerste een se nommer is 426 en die laaste een s'n 500. Hoeveel kaartjies is daar?
- | | | | | |
|----|----|----|-----|----|
| A. | B. | C. | D. | E. |
| 74 | 84 | 65 | 174 | 75 |

INDIEN DAAR NOG TYD OOR IS, KAN JY TERUG-
BIAAI NA BIADSY 6 EN JOU VORIGE WERK NASIEN OF
DIE NOMMERS WAT JY UITGEIAT HET, PROBEER DOEN.

BYLAAG B.

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE
NAVORSING.

STILLEESTOETS (PARAGRAWE:- SENIOR).

Aanwysings.

(Laat die klas die vrae op die buiteblad van die
vraestel beantwoord en sê dan.)

Blaai almal een blad om sodat bladsy 3 voor julle
lé. Dit is 'n toets om uit te vind hoe goed julle para-
grawe kan lees en verstaan. Ons doen die eerste een saam.
Ek sal die paragraaf vir julle voorlees en julle kan op
julle boekies volg. Dit lui so:

"Die sederboom is 'n soort sipres en kom alleen in
die Sederberge voor, waar dit alleen in 'n strook
ongeveer tussen vier- en vyfduisend voet bo see-
spieël aard. Dit verkies ruwe rotsrante waar dit
moeilik is om te begryp hoe die sade ontkiem en die
bome 'n houvas kry. Plantasies is al op die gelyk
grond aangelê, maar die seders weier om daar te be-
antwoord. Hulle groei baie stadig en die grotes
moet baie oud wees. Weens hul eienaardige manier
van groei het byna elke boom 'n eie vorm en karak-
ter."

Nou volg daar 'n vraag: Dit sê dat die sederboom
die beste aard.....
Daarna volg vyf antwoorde waarvan net een reg is. Die vyf
antwoorde is:

- (a) in plantasies
- (b) op kaal vlaktes
- (c) in rotsagtige plekke hoog bo seespieël
- (d) aan die voet van hoë berge
- (e) naby die kus

Watter een is die regte antwoord?

(Laat die klas antwoord.) Heeltemal reg die sederboom aard
beste in rotsagtige plekke hoog bo seespieël. Die letter
voor die regte antwoord is (c). Maak nou almal 'n hooflet-
ter C tussen die hakies. (Hou die boekie omhoog en wys
watter hakies bedoel word en laat die klas klaarmaak.)

Doen nou vraag 2 self. (Laat die klas klaarmaak.)
Watter een is die regte antwoord? (Laat iemand uit die
klas antwoord.) Heeltemal reg, die skrywer vind dit moei-
lik om te begryp hoe die sederboom se sade tussen die rotse
kan ontkiem en groei. Julle moes dus 'n hoofletter B tus-
sen die hakies gemaak het. As iemand 'n verkeerde letter
geskryf het, moet hy dit so X uitkrap (demonstreer op die
swartbord) en die regte letter net bokant skryf.

Kom ons kyk nou net weer gou wat ons moet doen. Ons lees eers die paragraaf, dan die vraag en die antwoorde. Daarna soek ons die regte antwoord uit, kyk watter letter voor dit staan, en dan skryf ons net daardie letter as 'n hoofletter tussen die hakies. Onthou elke vraag het net een regte antwoord. As iemand 'n verkeerde letter skryf moet hy dit uitkrap en die regte letter net bokant skryf.

Op bladsy 4 (indien enige leerling begin omblaai, sê: „Nee, moenie omblaai voordat ek sê nie“) is daar nog 'n aantal paragrawe en vrae wat op dieselfde manier moet beantwoord word. As ek sê „begin“ moet julle dadelik begin en werk so vinnig as wat julle kan. As julle aan die end van 'n bladsy kom, begin dadelik met die volgende bladsy. Probeer om soveel bladsye klaar te maak as wat julle kan.

As julle 'n vraag nie kan doen nie, maak net 'n kruisie tussen die hakies en probeer die volgende een.

Blaai om, kyk of julle bladsy 4 voor julle het en kyk na my. (Wag tot almal omgeblaai het, maar let op dat niemand begin lees nie.)

Neem julle potlode..... gereed.....
begin.

(Sê na 18 minute). Hou op. Sit neer jul potlode en maak toe jul boekies.

Vorm B.

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

STILLEESTOETS.

(Paragraawe: Senior.)

Naam

Jongetjie/Meisie

Ouderdom.....jaar.....maande

Geboortedatum

Standerd

Skool.....

Vandag se datum.....

-
1. Hou jy van lees? (Ja, 'n bietjie, nee.)
 2. Het jy boeke by die huis? (Baie, 'n paar, niks.)
 3. Lees jy jou eie boeke? (Ja, soms, nee.)
 4. Hoeveel Afrikaanse boeke het jy gedurende die afgelope kwartaal gelees?

-
5. Neem jy biblioteekboeke huis-toe? (Ja, soms, nee.)
 6. Lees jou ouers boeke tuis? (Ja, soms, nee.)
 7. Lees jy „Comics”? (Ja, soms, nee.)
 8. Watter taal praat jy tuis? (Afrikaans, Engels, ander.)

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

Werklike punte	
Skaalpunte	

VOORBEELDE.

Die sederboom is 'n soort sipres en kom alleen in die Sederberge voor, waar dit alleen in 'n strook ongeveer tussen vier- en vyfduisend voet bo seespieël aard. Dit verkies die mees rotsagtige plekke: klowe met rotsblokke, en gesplete ruwe rotsrante waar dit moeilik is om te begryp hoe die sade ontkiem en die bome 'n houvas kry. Plantasies is al op die gelyk grond aangelê, maar die seders weier om daar te beantwoord. Hulle groei baie stadig en die grotes moet baie oud wees. Weens hul eienaardige manier van groei het byna elke boom 'n eie vorm en karakter.

1. Dit sê dat die sederboom die beste aard.....

- (a) in plantasies
- (b) op kaal vlaktes
- (c) in rotsagtige plekke hoog bo seespieël
- (d) aan die voet van hoë berge
- (e) naby die kus ()

2. Die skrywer vind dit moeilik om te begryp.....

- (a) hoe sederbome so oud kan word
- (b) hoe die sederboom se sade tussen die rotse kan ontkiem en groei
- (c) waarom sederbome almal verskillend lyk
- (d) waarom sederbome nie in plantasies aard nie
- (e) waarom sederbome so skaars is ()

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

'n Eienaardigheid in die geval van die meeste spinnekoppe is dat hulle twee soorte oë het, naamlik swartes en wittes wat onderskeidelik bedags en snags gebruik kan word. Soos bekend, het baie van die nagtelike roofvoëls, soos die uil, oë wat aangepas is om in die donker of skemer te kan sien, en die bevinding van fisioloë is dat hierdie verandering te danke is aan die afwesigheid van een of twee soorte selle in die netvlies of retina van die oog. Dit is opmerklik dat die wit oog van die spinnekop 'n afwesigheid van dieselfde selle toon, as 'n mens dit met 'n mikroskoop ondersoek. Gevolglik het spinnekoppe wat in tonnens en onder klippe leef en snags uitkom om voedsel te soek, meer wit oë, waarmee snags gesien kan word, as swartes (gewoonlik is die verhouding ses uit ag). Die verskil in kleur kan verklaar word deur te sê dat die donker kleurlaag van die swart oë dieselfde werk verrig as die donker glase van 'n sonbril waardeur die felheid van die sonlig versag word; hierdie beskerming is snags oorbodig want dan is elke skynseltjie lig nodig.

1. Die donker kleurlaag in die spinnekop se oog.....
 - (a) stel hom in staat om in die donker te sien
 - (b) maak dit vir hom onmoontlik om bedags te sien
 - (c) keer bedags die skerp ligstrale af
 - (d) onderskei hom van die spinnekoppe wat bedags jag
 - (e) verhinder dat sy oë in die nag blink ()
2. Die spinnekop gebruik sy.....
 - (a) wit oë om in die daglig te sien
 - (b) swart oë om in die donker te sien
 - (c) wit oë as die swartes seer kry
 - (d) swart oë wanneer hy kos soek
 - (e) swart oë as hy bedags rondloop ()
3. Die ooreenkoms tussen spinnekoppe en nagtelike roofvoëls is dat.....
 - (a) albei wit oë het
 - (b) albei swart oë het
 - (c) albei twee soorte oë het
 - (d) in albei gevalle sekere selle in die oë afwesig is
 - (e) albei slegs in swak lig kan sien ()

Toe die kaptein beseft het dat 'n poging om die „Sonneblom” vlot te maak vergeefse moeite sou wees, het hy beveel dat die skip verlaat moes word. Nadat al die passasiers veilig aan wal gebring is, het die eerste haakplek ontstaan. Die boot se stuurpenne en roerhake is nl. deur die see losgeruk, met die gevolg dat hy tydelik buite werking gestel is. Onderwyl daar nuwe onderdele gemaak en aangebring is, moes die togte na die land natuurlik gestaak word, maar sodra die werk klaar was, het die kaptein die lede van die skeepsbemanning gelas om ook hul skip te verlaat. Daar dit reeds laat was, en omdat daar geen tyd verspil kon word indien almal voor donker veilig na die land gebring moes word nie, het die manne nie kans gehad om hul persoonlike besittings te gaan haal nie. Die gevolg hiervan was dat hulle die strand bereik het met nie veel meer as die klere wat hulle aangehad het nie.

4. Wie is die eerste na die land gebring?.....
 - (a) Die kaptein
 - (b) Die bemanning
 - (c) Die passasiers
 - (d) Almal is voor die voet aan wal gesit
 - (e) Dit sê nie in die paragraaf nie ()
5. Die landing van die mense moes tydelik gestaak word omdat.....
 - (a) dit donker geword het
 - (b) die kaptein dit beveel het
 - (c) die boot gesink het
 - (d) die water te onstuimig was
 - (e) dele van die boot onklaar geraak het ()
6. In hierdie paragraaf word beskryf hoe.....
 - (a) vasgekeerde mense gedurende 'n oorstroming gered is
 - (b) ontdekkingsreisigers by 'n vreemde kus geland het
 - (c) 'n oorlogskip tot sink gebring is
 - (d) mense vanaf 'n gestrande skip gered is
 - (e) passasiers onwettiglik by 'n verbode plek aan land gesit is ()

Om te praat van kulturele selfstandigheid is maklik genoeg, maar die vraag is hoe om dit te bewerkstellig. By 'n groot volk, wat kragtig in die bewustheid van 'n groot verlede lewe, kom dit vanself, is die ontwikkeling rustig en organies. By die klein volkie word die natuurlike ontwikkeling deur invloede van buite belemmer en daarom ontstaan daar 'n reaksie in twee rigtings: aan die eenkant moet daar handhawend opgetree word om die eie te beskerm en aan te moedig, en aan die ander kant moet daar gekeer word dat hierdie agressiewe afweer pogings nie ongesonde neigings in die volkslewe self veroorsaak nie. Ons weet maar te goed dat oorywerige volksliefde maklik ontaard in 'n sieklike dweepsug wat nie vry te pleit is van self-sugtige bybedoelings nie. Ook die voorwerp van 'n mens se liefde kan jy maklik dood druk teen jou boesem en daaraan 'n onbenydenswaardige stempel gee deur jou verkeerd-gerigte toewyding.

7. In sy ontwikkelingspoging moet 'n klein, jong volkie veral waak teen.....
- die selfgenoegsaamheid wat ontwikkeling vertraag
 - die neiging om te vinnig te wil ontwikkel
 - vyande in sy eie geledere
 - die materialistiese gees van die tyd
 - vreemde invloede wat op hom afgedwing mag word ()
8. Dit sê dat groot en sterk volkere.....
- altyd geneig is om kleinere volkere te onderdruk
 - geneig is om te berus in die gedagte dat hulle die toppunt van ontwikkeling bereik het
 - op kultuurgebied onafhanklik kan ontwikkel sonder om getref te word deur invloede van buite
 - dikwels in hul ontwikkeling vertraag word omdat hulle te veel roem op hul groot verlede
 - geneig is om die ontwikkelingspogings van kleinere volkere te verkleiner ()
9. In sy strewe na selfstandige ontwikkeling moet 'n jong volkie oppas.....
- dat hy nie moed verloor en gevolglik verslap nie
 - dat hy nie die kwaadwilligheid van vreemdelinge op sy hals haal nie
 - dat sy gesonde pogings nie oordryf word en ongesonde vorms aanneem nie
 - dat sy swakkere lede nie onderweg uitsak nie
 - om nie sy eie tekortkomings uit die oog te verloor nie ()
10. Verkeerdgerigte en oordrewe toewyding aan 'n doel kan soms die gevolg hê dat.....
- juis daardie doelstrewe verydel word
 - die doel te gou bereik word voordat die tyd ryp is
 - die strewer uitgeput raak en sy pogings nie kan volhou nie
 - ondersteuners hulle belangstelling verloor
 - die strewer belaglik word in die oë van die buitewêreld ()
- Wanneer ek, uit die afgrond teruggekeer
 Waar ideale in die mis verdwyn
 En rootongvlamme van die hartstog skryn,
 My hande strek na wat die kwade weer:
 Die hulp van vriende wat my heil begeer
 En, sterker in die stryd as ek, die wyn
 Van medelye giet deur samesyn,
 Laat dit my troos wees: Ek het ook probeer.
 Die lug weergalm van stemme wat ons roep
 Om, struik'lend, tot die einde toe te stry;
 Al word die offerbloed vergeefs gepleng
 Om met die trane van berou te meng.
 Geen misdaad wat hier onvergeeflik bly
 Behalwe as ons weier om te stry.**
11. Met watter gedagte troos die digter hom? Dat.....
- sy vriende hom sal vergewe
 - sy oortreding nie te ernstig was nie
 - hy teen die versoeking gestry het
 - sy trane van berou nie vergeefs sal wees nie
 - hy hoë ideale het ()

12. Wat is volgens die digter die grootste oortreding wat 'n mens kan begaan ?

- (a) Bloedvergieting
- (b) Weiering om ander se oortredings te vergewe
- (c) Om toe te gee aan jou hartstogte
- (d) Onwilligheid om te veg teen versoeking
- (e) Om te faal in jou lewenstaak ()

13. Wat is die „afgrond” waarvan die digter melding maak ?

- (a) Groot aardse moeilikhede en bekommernisse
- (b) Die tyd toe hy al sy besittings deur brand verloor het
- (c) Sy verskriklike vrees vir die Hiernamaals
- (d) Die tyd wanneer al sy vriende hom in die steek laat
- (e) Die sonde waarin hy verval as hy die stryd vir die goeie versaak ()

Die hele kwessie van styl by liggaamsoefeninge kom neer op die vorming van reflekse. Tensy die doeltreffende wyse van uitvoering herhaaldelik in die beginstadia by die leerling ingeskerp word, sodat dit outomaties word, word ongewenste reflekse gevorm wat hom verhinder om ooit die verskillende aktiwiteite doeltreffend baas te raak, 'n toestand wat dan baie erger is as wanneer daar geen poging aangewend is tot enige aktiwiteit nie. Dit is om hierdie rede dat die beginsel van natuurlike beweging (wat nie altyd doeltreffende beweging is nie) vooruitgang in prestasie-oefeninge verhinder waar dit toegepas word. Dis nie slegs oefening wat na volmaaktheid lei nie, maar wel die regte oefening. Waar die toepassing van styl egter 'n mate van liggaamstewigheid en begripsvermoë van die leerling eis, behoort 'n mens nie met onderrig van prestasie-aktiwiteite (apparaat-gimnastiek, tuimel, atletiek en swem) te begin voor die ouderdom van 10-12 bereik is nie. Die voorafgaande tydperk moet aan spel gewy word want spel is die lewenselement van die jong kind. Daar hy nog nie opgewasse is teen enige kragtige inspanning nie, kan prestasie hom minder skeel en die harde pad wat daarheen lei, nl. die aanleer van styl, nog minder.

14. Jong kinders behoort nie onderrig in prestasie-aktiwiteite te ontvang nie omdat

- (a) dit nadelig is vir hulle gesondheid
- (b) hulle geneig is om dit te oordoen
- (c) dit te gevaarlik is
- (d) hulle dit nog nie kan verstaan nie en ook nog nie gespied genoeg is nie
- (e) hulle nog so maklik verkeerde gewoontes aanleer ()

15. Die skrywer is van mening dat die verkeerde uitvoering van oefeninge

- (a) hoewel ongewens 'n mens tog help om later goed te presteer
- (b) skadelik is vir die spierstelsel van die mens
- (c) 'n mens se bewegings onnatuurlik maak
- (d) nie so nadelig is as wat deur sommige onderwysers voorgegee word nie
- (e) die aanleer van die regte bewegings later bykans onmoontlik maak ()

16. In verband met die aanleer van liggaamsoefeninge is dit belangrik dat

- (a) 'n mens vroeg moet begin
- (b) die bewegings so na as moontlik aan die natuurlike gehou moet word
- (c) 'n mens die oefeninge eers goed moet kan doen voor jy aan die ontwikkeling van styl begin dink
- (d) 'n mens van die begin af alle bewegings korrek moet uitvoer
- (e) daar nie te veel nadruk op styl gelê moet word nie ()

17. Die skrywer sê dat die toepassing van die beginsel van natuurlike beweging

- (a) oral aangemoedig moet word
- (b) die enigste doeltreffende onderrigsmetode is
- (c) leerlinge se vordering en prestasie nadelig beïnvloed
- (d) lei tot die ontwikkeling van 'n goeie styl
- (e) nadelig is vir die gesondheid ()

'n Huis te hê, 'n werkie, dan te sterwe;
 hoe klein die sirkel van ons yl geluk
 En in die jeug het ons so wild geswerwe,
 oor wonderbronne huiw'rend heengebuk.
 Nou het die droom versweef en jeug is dood,
 die bloeisels is geval, die vrug gegee,
 en tog hoe soet soms in die enge nood
 die geur wat daardie bloeisels nou nog gee.
 Want saans as lamplig rosig om my skyn
 en ek dan delwend oor die waarheid buk,
 dan kom daar onverwags die vreemde pyn,
 en soek die siel herinnerings geluk.
 Dan gaan 'n dromer na die venster, skou
 verlore in die nag se verre blou.

18. Waarop het die woorde „die geur van bloeisels” betrekking? Die_____
- (a) herinneringe van die jeug en jeugideale
 (b) vreugde van die lewe
 (c) vrug op ons arbeid
 (d) geluk wat vriendskap meebring
 (e) liefdesgeluk van die volwassene ()
19. Die digter soek verligting vir die pyn deur_____
- (a) lugkastele te bou
 (b) 'n wandeling te onderneem
 (c) hom te verdiep in die taak waarmee hy besig is
 (d) terug te dink aan sy jeug
 (e) gedigte te skrywe ()
20. In ons jeug het ons_____
- (a) die lewe ten volle geniet
 (b) grootse planne gehad en ideale gekoester
 (c) gedink ons het die wysheid in pag
 (d) gedink die lewe is altyd gelukkig
 (e) nie die erns van die lewe beseef nie ()
21. Wat is die „klein sirkel” waarvan die digter melding maak?
- (a) Die familiekring
 (b) Ons jeugherinneringe
 (c) Die enge bestaan waarmee volwassenes tevrede moet wees
 (d) Ons drome
 (e) Ons werklike kennis van die waarheid ()

Die Kuns is een van die grootste waardes in 'n volk se kultuurlewe. So groot is die waarde, dat in die geskiedenis van die mensheid die belangrikheid van volke en nasies grootliks bepaal word op grond van wat hulle op kunsgebied tot stand gebring het. Praat ons van die Grieke, dan is ons eerste gedagtes gewy aan Homerus en die beeldhoukuns; hul politieke instellinge, hul staatkundige mag, ja selfs hul godsdienste is waardes wat so seer verbleek het, dat dit 'n moderne mens byna geen belang meer inboesem nie. En juis aan 'n volk uit ver vergange tye kan ons onself die beste spieël; as ons oor die verlede nadink, kom ons tot besinning oor die verganklikheid van ons alledaagse behoeftes en prestasies, ons sien die betreklike onbelangrikheid daarvan, ons leer om ons aandag te vestig op waardes wat nie so absoluut onontbeerlik is vir die daaglikse bestaan nie, maar wat juis daardeur voortlewe lank nadat ons aardse bestaan geëindig het. Vir die individuele mens geld dit in die selfde of nog groter mate.

22. Wat dien vir die skrywer as bewys dat kuns een van die grootste waardes in 'n volk se kultuurlewe is?_____
- (a) Die volk wat die hoogste sport bereik het op kunsgebied het ook in ander opsigte die verste gevorder
 (b) 'n Volk begin eers op ander gebiede presteer as sy kuns reeds hoog staan
 (c) Onbeskaafde volke bring dit nie ver op kunsgebied nie
 (d) Die kunsprestasies van 'n volk word onthou terwyl ander prestasies hul belangrikheid verloor
 (e) Die kunstenaars van elke volk ontvang meer hulde as enige ander mens ()

23. As ons oor die verlede nadink, kom ons tot die besef van_____
- (a) hoeveel kosbare tyd en energie aan die kuns gewy word
 - (b) die onontbeerlikheid van die kuns vir die menslike bestaan
 - (c) die kortstondigheid en onbelangrikheid van ons materiële prestasies
 - (d) die nutteloosheid van ons aardse bestaan
 - (e) die grootheid van die ou volkere ()
24. As ons die geskiedenis van die ou volkere nagaan, besef ons dat_____
- (a) ons meer aandag moet gee aan waardes wat nië juis nodig is vir ons materiële bestaan nie
 - (b) ons as individuë maar baie onbelangrik is in die lewe van 'n volk
 - (c) elke individu 'n groot taak het om te vervul in die lewe van sy volk
 - (d) ons nie te veel tyd aan dinge moet bestee wat nie noodsaaklik is vir ons bestaan nie
 - (e) ons onthou sal word vanweë die dinge wat ons nie vir onself nie maar vir ons volk gedoen het ()

Vorm B.

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing.

STILLEESTOETS.

(Woordeskat: Senior.)

Naam.....

Jongetjie/Meisie.....

Ouderdom.....jaar.....maande.

Geboortedatum.....

Standerd.....

Skool.....

Vandag se datum.....

VOORBEELDE.

1. 'n **Kruier** is.....
(a) 'n soort sandaal (b) 'n stootkarretjie
(c) 'n soort insek (d) 'n vragmotor
(e) iemand wat 'n mens help met jou bagasie ()
2. 'n **Barbaar** is 'n.....
(a) bedelaar (b) haarkapper
(c) onbeskaafde persoon (d) soort vis
(e) dwaas ()
3. **Inhalig** beteken.....
(a) behulpsaam (b) eersugtig (c) medepligtig
(d) oneerlik (e) gierig ()
4. **Triomfeer** beteken.....
(a) die oorwinning behaal (b) juig
(c) baas speel oor (d) bespreek
(e) die troon bestyg ()
5. 'n **Dispuut** is 'n.....
(a) afvaardiging (b) woordetwis (c) standpunt
(d) oproer (e) afdoende bewys ()

Werklike punte	
Skaalpunte	

(Wag totdat aan jou gesê word om om te blaai.)

1. **Haarfyn** beteken.....
 (a) naastenby (b) noukeurig (c) netjies
 (d) saggies (e) doelbewus ()
2. 'n **Kajuit** is 'n.....
 (a) klein seilskippie (b) klein hutjie
 (c) slaapvertrek op 'n skip (d) ledekant
 (e) samespreking ()
3. **Karnuffel** beteken.....
 (a) geniepsig met iemand speel (b) lyfstraf toedien
 (c) iemand op die spoor van iets (d) iemand sleg behandel
 bring
 (e) spaarsaam te werk gaan ()
4. **Jubel** beteken.....
 (a) sing (b) dans (c) fees vier
 (d) juig (e) musiek maak ()
5. **Geleidelik** beteken.....
 (a) gedurig (b) eindelik (c) onder begeleide
 (d) sonder teëstribbeling (e) langamerhand ()
6. **Neerslagtig** beteken.....
 (a) bejammerenswaardig (b) bedruk
 (c) bevrees (d) bedeesd (e) skuldbewus ()
7. **Middelmatig** beteken.....
 (a) taamlik (b) rustig (c) geleidelik
 (d) ryklik (e) deur middel van ()
8. **Langamerhand** beteken.....
 (a) met verloop van tyd (b) met horte en stote
 (c) stadig en lomp (d) sonder ophou (e) af en toe ()
9. **Oorbodig** beteken.....
 (a) onvermydelik (b) aanhoudend (c) noodsaaklik
 (d) lastig (e) onnodig ()
10. **Gadeslaan** beteken.....
 (a) afweer (b) noukeurig beskou
 (c) afkyk (d) pad gee
 (e) berispending aankyk ()
11. **Versper** beteken.....
 (a) wegwys (b) voorgang belet (c) versterk
 (d) ondermyn (e) fortifiseer ()
12. **Handgemeen raak** beteken.....
 (a) iemand ontmoet (b) manskappe mobiliseer
 (c) verloof raak (d) vyandelikhede staak
 (e) begin baklei ()
13. **Ervare** beteken.....
 (a) baie bekwaam (b) welbelese
 (c) ryk aan ondervinding (d) dapper
 (e) verstandig ()

14. **Sonderling** beteken.....
 (a) gewoon (b) buitengewoon (c) alledaags
 (d) afgesonderd (e) hoogstaande ()
15. 'n **Strooptog** is 'n.....
 (a) jagekspedisie (b) veldtog (c) plundertog
 (d) nagereg (e) aangename uitstappie ()
16. **Skroom** beteken.....
 (a) berispe (b) aarsel (c) pleit
 (d) afskei (e) uitdaag ()
17. **Murmureer** beteken.....
 (a) mymer (b) kabbel (c) begeer
 (d) oordink (e) klae ()
18. **Reserveer** beteken.....
 (a) terughou (b) bespreek (c) onteien
 (d) bewaar teen verderf (e) aanhaal ()
19. **Stuurs** beteken.....
 (a) innemend (b) koppig (c) onvriendelik
 (d) onopreg (e) onbedagsaam ()
20. **Klarinet** is 'n.....
 (a) blaasinstrument van hout (b) sleutelbeen
 (c) ouderwetse klavier (d) 'n bewegende model of pop
 (e) toneelstuk met musiek ()
21. **Keur** beteken.....
 (a) bevoordeel (b) rangskik (c) aanstel
 (d) die beste uitsoek (e) noukeurig bestudeer ()
22. **Onsamehangend** beteken.....
 (a) bouvallig (b) deurmekaar (c) rusteloos
 (d) onwelvoeglik (e) onbeduidend ()
23. **Liefhebber** is 'n.....
 (a) liefdeswerk (b) versameling (c) hofmakery
 (d) stokperdjie (e) intieme vriendskap ()
24. **Beraadslaag** beteken.....
 (a) oordeel (b) bespreek (c) tot 'n besluit kom
 (d) van raad bedien (e) diep dink ()
25. **Baatsugtig** beteken.....
 (a) eergevoelig (b) ongenadig (c) selfsugtig
 (d) vraatagtig (e) opdringerig ()
26. **Opruim** beteken..... ()
 (a) iemand gelukkig maak (b) iets soek
 (c) skoon maak (d) groter plek maak
 (e) aanhits ()
27. **Uitgelate** beteken.....
 (a) lastig (b) tevrede (c) onrustig
 (d) vrolik (e) vry ()

28. **Diagnoseer** beteken.....
 (a) skoonmaak (b) ronddraai (c) siekte vasstel
 (a) opereer (e) stukkend sny om te bestudeer ()
29. 'n **Regisseur** is 'n.....
 (a) toneelbestuurder (b) dirigent (c) fynproewer
 (d) gimnastiekafrigter (e) toneelskrywer ()
30. **Omstandig** beteken.....
 (a) skematies (b) sover moontlik (c) beknop
 (d) op 'n bekwame wyse (e) in besonderhede ()
31. **Aandadig** beteken.....
 (a) verantwoordelik (b) onderhewig (c) medepligtig
 (d) verhewe (e) besig ()
32. **Tegemoetkom** beteken.....
 (a) help (b) inwag (c) van ver af groet
 (d) inhardloop (e) verstaan ()
33. **Wingsgewend** beteken.....
 (a) suksesvol (b) vrygewig (c) voordelig
 (d) liefdadig (e) onskadelik ()
34. **Uitskei** beteken.....
 (a) onder eed bevestig (b) ophou met iets
 (c) te voorskyn kom (d) iets omruil
 (e) sorteer ()
35. 'n **Pagina** is 'n.....
 (a) inhoudsopgawe (b) heidin (c) bladsy
 (d) rooster (e) paragraaf ()
36. **Wrewelig** beteken.....
 (a) kwaad (b) beweeglik (c) skadelik
 (d) verwaard (e) skaam ()
37. **Pandemonium** is.....
 (a) 'n helse lawaai (b) harmoniese klanke
 (c) 'n kreet (d) 'n soort musiekinstrument
 (e) die bron van alle kwaad ()
38. **Grondig** beteken.....
 (a) eerlik (b) saaklik (c) standvastig
 (d) deeglik (e) redelik ()
39. **Stommititeit** is 'n.....
 (a) bevestigende knik (b) raaisel
 (c) kortsigtige persoon (d) afwerende gebaar
 (e) flater ()
40. 'n **Brosjyre** is 'n.....
 (a) skild (b) geskiedenisboek
 (c) geïllustreerde nuusblad (d) pamflet
 (e) rokpatroon ()

41. **Volmondig** beteken.....
 (a) rondborstig (b) een-en-twintig jaar oud
 (c) eiegeregtig (d) praatsiek
 (e) met 'n omhaal van woorde ()
42. 'n **Insinuasie** is 'n.....
 (a) passende opmerking (b) gevolgtrekking
 (c) slinkse handeling (d) motief
 (e) bedekte beskuldiging ()
43. **Geestig** beteken.....
 (a) droewig (b) godsdienstig (c) spookagtig
 (d) grappig (e) lewenslustig ()
44. **Okuleer** beteken.....
 (a) spekuleer (b) oë toets (c) voorspel
 (d) ent (e) die toorkuns beoefen ()
45. **Legio** beteken.....
 (a) demonies (b) behorende aan 'n legioen
 (c) ontelbaar (d) onwaar (e) onbeduidend ()
46. Iets wat **agterweë** bly.....
 (a) word agtergelaat (b) word vergeet
 (c) word nie gedoen nie (d) is stadiger as die ander
 (e) is nie in die mode nie ()
47. **Posvat** beteken.....
 (a) begryp (b) versterk (c) aanval
 (d) agterstand inhaal (e) begin groei ()
48. **Matig** beteken.....
 (a) sober (b) somber (c) vriendelik
 (d) reëlmatig (e) noukeurig ()
49. 'n **Rabat** is 'n.....
 (a) Egiptiese grafkelder (b) bate
 (c) afslag (d) Joodse predikant
 (e) soort konyn ()
50. 'n **Magnaat** is.....
 (a) 'n ryk persoon (b) 'n bedelaar
 (c) die naald van 'n kompas (d) 'n alleenheerser
 (e) die bestuurder van 'n maatskappy ()

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE
NAVORSING.

STILLEESTOETSE (WOORDESKAT : SENIOR).

Aanwysings.

(Laat die klas die vrae op die eerste helfte van die buiteblad beantwoord en sê dan:)

Dit is 'n toets om uit te vind hoeveel woorde julle ken. Op die tweede helfte van die bladsy is 'n paar voorbeelde om vir julle te wys wat om te doen. Daar is eers 'n sinnetjie met een woord in swart vet letters. Daarna volg daar vyf betekenisse. Een van hierdie vyf is die betekenis van die woord in swart vet letters. Al wat ons moet doen is om daardie betekenis te soek, te kyk wat sy letter is en net daardie letter tussen die hakies aan die end van die reël te skryf. Skryf net 'n hoofletter.

Doen nou nommer 1. Dit sê: "'n kruier is....."
dan volg vyf moontlike antwoorde:

- (a) 'n soort sandaal
- (b) 'n stootkarretjie
- (c) 'n soort insek
- (d) 'n vragmotor
- (e) iemand wat 'n mens help met jou bagasie.

Watter een is die regte antwoord? (Laat die klas antwoord).
Ja, dit beteken iemand wat 'n mens help met jou bagasie.
Die letter voor die antwoord is (e); skryf dus 'n hoofletter E tussen die hakies aan die end van die reël. (Hou die boekie omhoog wys watter hakies bedoel word en laat die klas klaarmaak.

Doen nou nommer 2. (Laat die klas klaarmaak).
Watter letter het julle tussen die hakies geskryf? (Laat die klas antwoord). Ja 'n barbaar is 'n onbeskaafde persoon. Die letter voor onbeskaafde persoon is (c) dus moet jul almal 'n hoofletter C tussen die hakies geskryf het.

As iemand 'n verkeerde letter geskryf het, moet hy dit so X uitkrap (demonstreer op die swartbord) en die regte letter net bokant skryf.

Doen die orige drie voorbeelde nou self. (Laat die klas klaarmaak en sê dan:)

Op die volgende bladsy (as iemand miskien begin omblaai, sê: "Nee, moenie omblaai voordat ek sê nie") is

daar nog 'n aantal vrae wat op dieselfde manier beantwoord moet word. As ek sê "begin", moet julle almal begin werk so vinnig as wat julle kan. As julle 'n verkeerde letter neerskryf krap dit uit en skryf die regte letter bokant. As julle 'n vraag nie kan doen nie, maak net 'n kruisie tussen die hakies en probeer die volgende een.

As julle by die end van 'n bladsy kom, begin dadelik by die volgende een en probeer soveel bladsye klaarmaak as wat julle kan. Onthou elke vraag kan net een regte antwoord hê.

Blaai om en kyk na my. (Wag totdat almal klaar omgeblaai het maar let op dat niemand begin lees nie. Sê dan:)

Neem jul potlode.....gereed.....begin.

Sê na 10 minute:) Hou op.

Sit neer jul potlode en maak toe jul boekies.
